

11 November

Skrifgedeelte: Jakobus 3:1-12 (NAV)

Fokusgedeelte: Jakobus 3:5

Die verwoestende mag van die tong

Ons weet almal hoe vernietigend die mag van die tong kan wees. In ons persoonlike lewens, en in die verhouding met ons vriende, het ons almal al die vernietigende mag van die tong ervaar. Ons het al dikwels gesien hoedat die verkeerde woord of woorde alles wat mooi, goed en reg is, kan vernietig.

In hierdie Skrifgedeelte lees ons waarom dit so is. Hier vergelyk Jakobus die tong met 'n vuur wat baie skade kan doen. Hy sê die tong is 'n wêreld vol ongeregtheid. Al die slegte karaktertrekke van die gevalle wêreld: inhaligheid, afgodediens, godslastering, luste, gierigheid en hebsugtige begeertes vind uitdrukking deur die tong. Gevolglik besmet die tong 'n mens se hele liggaam en vergiftig dit die mens se hele persoonlikheid.

Nog erger, hierdie besoedeling is nie net tydelik nie. Dit is ook nie iets wat maklik reggestel kan word nie. Nee, die tong beoefen sy slegte invloed dwarsdeur die hele lewe. Dit steek die hele lewe aan die brand. Die slegte invloed van die tong sprei uit van die geboorte tot die dood toe.

Jakobus sê die venynige vuur van die tong word uit die hel aan die brand gestee. Die hel is die woonplek van die duiwel en die bose geeste. Dit is die plek waar die ongelowiges hulle bevind. Daarom is die verwoestende mag van die tong onder die invloed van Satan. Die mens het mag oor die diere en is in staat om diere te tem, maar niemand is in staat om die tong te tem nie. Die weerstand van die tong is baie groter as al die wilde diere. Daarom is die tong 'n onberekenbare kwaad vol dodelike gif. Die tong is soos die angel van 'n by en kan dodelik seer steek. Soms is die tong so skerp soos 'n skeermeslemmetjie en sny mense in repies. Woorde kan soos giftige pyle ons medemens dodelik tref.

Hier waarsku die Woord van die Here ons almal om versigtig te wees wat ons sê. Ons moet elke dag bid en die Here vra dat sy Heilige Gees ons tonge sal beheers. Elke dag moet ons vra:“ Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê” (Ps 141:3).

Sing: Psalm 92:2 (1936)

Ds Peet J van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)